



UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Aan die einde van die jaar kyk ek met dankbaarheid terug op 'n jaar vol seëninge. Daar was vele hoogtepunte, maar ons het ook intense hartseer beleef in 2015.

Hiermee 'n groot dankie aan elke leerder, ouer en personeellid wat van 2015 'n jaar gemaak het om te onthou.

My wens vir elkeen van julle is 'n heerlike vakansie. Mag julle goed rus en die Feesgety se vrede en vreugde ten volle ervaar.

Personalia

Ons groet ook 'n aantal van ons personeellede.

Baie dankie aan Marietjie Terblanché wat haar uitstekend van haar taak gekwyt het in die Engelse klas.

'n Groot dankie aan Ileen wat vir 8 maande afgelos het – eers by die remediërende onderrig en daarna in die gr. 4-klas.

Ons groet Rina van Heerden wat die afgelope jaar aan 'n gr. 3-klas verbonde was. Baie dankie vir jou entoesiasme en mooi wyse waarop jy die leerder hanteer het.

Claudette Brits verlaat die skool vir 'n betrekking nader aan haar huis. Claudette, 'n dankie uit ons hart vir jou harde werk, nie net in die klaskamer nie, maar veral op die sportveld. Mooi wense vir jou met jou verdere loopbaan.

Ons groet ons “grande dame” van die gr. R-klasse, Daleen Wentzel. Na 'n tydperk van 21 jaar verlaat Daleen Laerskool Fairland. 'n Groot dankie vir alles wat jy vir ons skool gedoen en beteken het. Ons wens jou alles van die beste toe vir die toekoms en glo jy sal gereeld nog kom inloer hier by ons.

Ons neem ook afskeid van Wim van Eck. Alhoewel ons jammer is om jou dienste te verloor, wens ons jou alles van die beste toe met jou verdere loopbaan. Ons weet dat dit met jou baie goed sal gaan en dat jy 'n groot aanwinst vir jou nuwe skool sal wees.

Gr. 7-fonds

Ons sê weer baie dankie aan die gr. 7-leerders en hul ouers vir die handige en praktiese geskenk wat hulle vir die skool gegee het. Die lugreëling in die saal word uitgebrei. Daar gaan ook “air curtains” voor die saaldeure geïnstalleer word. Sodoende kan die deure oopgelaat word, al is die lugreëling aan.

Jaarblad

'n Groot dankie aan Erika Joubert vir haar insette om die spog-jaarblad te laat verskyn. Baie dankie vir al die weke se werk wat jy ingesit het. Baie dankie ook aan Theresa Schutte wat ook 'n groot aandeel gehad het.

Snoepie

Ons groet Marijke du Toit, die snoepie-tannie. Baie dankie aan jou vir al die lekker-eet en snoepgoedjies. Ons gaan jou vriendelike glimlag mis.

Die snoepie-kontrak is toegeken aan Caffé Molinare wat vanaf Januarie 2016 die snoepie gaan bedryf.

Van die personeel

Baie dankie mnr. Willie, vir die voorloop in 2015. Ons vertrou dat jy en jou gesin heerlik gaan rus gedurende die vakansie. Ons wens julle 'n Geseënde Kersgety toe en alles wat mooi is vir 2016.



BELANGRIKE DATUMS

KULTUUR	SPORT	ALGEMEEN
	15 Jan. Atletiek: Grondslagfase (Gr. R- tot gr. 3)	11 Jan. Skool open vir personeel
	16 Jan. Atletiek: Gr. 4- tot gr. 7-leerders	12 Jan. Skool open vir gr. 1-leerders
		13 Jan. Skool open vir gr. R-, 2- tot gr. 7-leerders

VAN DIE BEHEERLIGGAAM

Ons wens al ons ouers, personeel en leerders 'n Geseënde Feesgety toe en mag 2016 al jul drome en wense oortref.

Vir almal wat reis, doen dit veilig en wees veilig!

REDAKSIE

Opedra aan ons graad sewes

Die Einde van 'n era

Met 'n snik en 'n smile

is jy by die skool afgelaai, op

die eerste dag van jou 7 jaar-reis.

Tot die haasbek gewapen met uniform en tas en

alles wat daarin kon pas om jou toe te rus vir wat jy moes word, en vir wat jy nou is.

Deur lees en skryf, maatjies en mini-sport, kom jy niks kort, want Juffrou hou jou vas.

Pouses is belangrik.

'n Mens noem dit "Snoepie,"

en as dinge hand uitruk,

kry jy detensie – in 'n groepie!

Jy raak al hoe slimmer en ontwikkel jou brein.

Oefen, skryf en speel. Jy's klein, maar ge-"train!"

Intussen, soos 'n dief in die nag –


kruip adollesensie nader met 'n skelm lag.

Hy weet die tyd het gekom waar sorgelose kindwees moet plekmaak,

Dat grootword nie uigestel kan word, of gekeer nie,

dat daardie dag sal aanbreek,

want jy kan dit nie beheer nie.



En as jy uiteindelik by die hek staan, terugkyk na jou hele laerskoolloopbaan, moet jy weet die skrif is aan die muur. Want als wat jy hier moes beleef het jou voorberei vir waar jy moet gaan gee jou die vlerke om te sweef. Dus, as jy more deur 'n nuwe hek tree, verstaan wat dit is wat jy alles moet gee, want jou ouer laat jou vrylik gaan laat jou vlieg met 'n lag en 'n traan.

Die Redaksie wens al ons lesers 'n Geseënde Kersfees toe en ook spesiale wense vir voorspoed en sukses vir al ons gr. 7's van 2015! Ons gaan julle mis!

Erika

ALGEMEEN

NUWE ATLETIEKDRAG

Nuwe atletiekdrag is te koop by Constantia Skoolklere in Randburg.

ADVERTENSIES

RESONANZE PROJECT MUSIEKSKOOL : BERARIO-ONTSPANNINGSENTRUM

Bespreek jou MUSIEKLES NOU vir 2016!! Resonanze Project Musiekskool bied lesse aan te kies en te keur. Klavier, sang, viool, dromme, kitaar en musiekprogrammering.

Kontak Anthea 081 351 7491 // info@musicteach.co.za, Berario/Blairgowrie Ontspanningsentrum.



RAWSON

273 Pershing Road / Northville

jen.ob@rawson.co.za

www.rawson.co.za

Properties

TEL: 011 678 5725



Sport Kidz



SPORTWINKEL

VANAF 13 JANUARIE 2016
BY LAERSKOOL FAIRLAND

06:30 - 07:30
MAANDAG - VRYDAG

SEISOENGEBONDE
SPORTTOERUSTING

RUGBY, HOKKIE, NETBAL, KRIEKET, TENNIS EN SWEM

KONTAK GERT: 072 437 0812

lh Legacy Homes
www.legacyhomes.co.za

KAARTFASILITEITE BESIKBAAR

FINLEC

Contact No: +27 11 869 2518

Email: info@finlec.co.za

4KW INVERTER BACKUP SYSTEM WITH 8 BATTERIES

Using a Pure Sine Wave Inverter is the purest output waveform an inverter can produce, and all appliances are able to run off it without interference or overheating.

Some of the advantages of the Finlec System:

- 30 + 70A automatic three-stage battery charger
- Copper transformer low frequency
- Surge rating @ 16000VA for 10s
- Charge current 25%, 50%, 75%, 100% adjustable
- Cables directly into the distribution board
- 10ms transfer time when power fails (uninterrupted)
- Output voltage waveform is a pure sine wave with very low harmonic distortion, identical to the main supply
- Inductive loads are completely matched to the power supply
- Motors run correctly, quietly and without overheating
- Fluorescent lights, audio amplifiers, TV's, game consoles, faxes and answering machines run correctly and efficiently, completely unaffected by the supply
- No moving parts
- Consumes no fuel, so are impervious to fuel price rises
- Are silent in operation, and therefore cause no noise pollution

VELA (Valve Regulated Lead Acid) Deep Cycle Batteries

Deep Cycle batteries are specially designed for frequent cyclic discharge, by using strong grids and specially designed active material with many benefits:

- Maintenance free
- 750 Cycles @ 50% Discharge

Estimated Run Time

Consumed	500W	1000W	1500W	2000W	2500W	3000W
Duration	4hrs	2hrs	1hrs 20min	1hr	45min	30min

SPECIAL R29 700

PER UNIT EXCLUDING VAT
50% deposit payable upfront to
secure order

Installation and COC can be
arranged at an estimate of
R5 000. Final price subject to
assessment of distribution board.

This Pure Sine Wave Inverter Backup System will enable you to run the following at a constant runtime depending on power requirements as per table below:

- Lights (preferably energy
- Television
- Entertainment system
- Laptop or desktop
- Fridge/Freezer
- Microwave/Kettle
- Wi-Fi
- Electric gate
- Security System

For optimum usage and longer duration of battery back up, it is recommended that the below items be excluded from the system:

- Swimming pool/Jacuzzi
- Garage
- Stoves/Hot/Over
- Washing machine
- Dishwasher
- Tumble drier
- Heating elements

It is advisable for the above-mentioned circuits to be separated on the distribution board by a qualified electrician prior to installation of the system.



Our standard terms and conditions apply.
LIMITED STOCK AVAILABLE